NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

7 April 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. Lydenstyd 5. **Jesaja 43 : 16-21.** *Elke dag plek vir iets nuut!*
2. **Kleuterkerk** (3-6jr) in die Koffiekroeg. **Kleinkerk** (Gr 1-2) in die sysaal tydens die diens.
3. **Kategese:** Gr 3-4 (Kamer 1), Gr 5–6 (Kamer 2), Gr 7–9 (Konsistorie), Gr 10-11 (Afdak) nadat hulle die erediens verlaat het.
4. **Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.
5. **Welkom! Nuwe lidmate** meld na die diens by die kombuistoonbank aan.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

14 April	Paassangfees
18 April	Groot Lydensweek Tafelfees – 19:00
19 April	Goeie Vrydag 09:00. Kruiswoorde en Nagmaal
21 April	Oggendwaak 06:00. Paasfees 09:00.
28 April	Omgeegroepe
5 Mei	5 Weke van Winterhoop begin. Kerkraadsvergadering – 18:00.

2. **Kuier en Proe** het nou al een van die gebeure geword wat beslis bygewoon moet word. Merk net die datum ... **Vrydag 7 Junie**. Meer inligting kom later.
3. **Nuwe Lidmate Tee – Sondag 14 April.** Al die lidmate wat die afgelope paar maande by ons aangesluit het word uitgenooi na 'n hierdie geleentheid. Dit vind net na die erediens in die saal plaas. Ons sal graag soveel as moontlik daar wil ontvang. RSVP voor 11 April by kerkkantoor.

VERJAARSDAGWENSE

07/04 Elzet Oosthuizen, Lianel Oosthuizen
08/04 Pollie Mereis, Ettiene van der Merwe
09/04 Maryke de Leeuw, Rikus Rossouw, Malie Wagener
11/04 Ruan Oosthuizen, Bettie Wentzel
12/04 Suné Stevens-Smit
13/04 Annette Homan, Jaco van der Merwe

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word per SMS - 082 570 4309. **Gebedskandelare** teen die muur langs die groot ingangsdeur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of assebliefkers* wil opsteek. Daar is ook kaartjies vir gebedsversoeke.

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 886 0843), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Casper en Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Albert van Wyk** (083 375 6789), **Annie Oosthuizen** (067 031 1645), **Annakie van Zyl** (084 043 3069), **Ena Liebenberg** (083 767 2130) herstel na behandeling en/of operasies.
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) herstel na 'n breinoperasie en begin binnekort met intensiewe terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** ontvang steeds intensiewe behandeling.
   - **Kosie en Christine Loots** (083 654 7678) se seun **Henno** is chroniese siek met 'n lewerkwaal.
3. **Simpatie: Hugo en Irma van der Walt en gesin** (082 929 5529) met die afsterwe van sy moeder *Hannetjie.*

LYDENSTYD 2019



Lydenstyd is 'n **seisoen van 46 dae** waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Paasfees. Die kruis is die sentrale simbool in Lydenstyd. Die kruis herinner ons aan die kruisiging van Jesus, 'n teken van Sy lyding en sterwe.

Lydenstyd is 'n gereedmaak om **vernuwing** in ons lewens te ontvang. Verootmoediging, skuldbelydenis en boetedoening is in hierdie tyd prominent, maar dit staan alles in die teken van die nuwe lewe wat ons simbolies ontvang op Paassondag. Die kleure is belangrik omdat dit die dramatiese karakter van hierdie tyd kan onderstreep. 'n Diep rooi word gebruik om die bloed van Christus te simboliseer. Ander somber aardse kleure – soos skakerings van bruin, roes en "*toukleur*" kan gebruik word.

Die **Groot Lydensweek** is vanjaar vanaf **14 – 21 April.** Daar sal **Stasies van die Kruis** in die saal wees. **Nagmaal** word op Donderdag 18 April 19:00 Goeie Vrydag 09:00 gevier. **Paasfees** begin met die **Oggendwaak** op 21 April om 06:00 en die **Ligfees** om 09:00. Daar sal ook 'n **huis-pakket** op Sondag 14 April beskikbaar gestel word waarmee gesinne die week tuis kan vier.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 7 April – Jesaja 43 : 16 - 21

Stil word en aanbidding: Waarvoor is jy dankbaar na die week? Wat was vir jou moeilik? Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef? "God is soos 'n rivier in die woestyn." Wat maak hierdie vergelyking in jou wakker? Lees **Psalm 126** as 'n gebed. Dink na oor die groot dinge wat die Here al in jou lewe gedoen het.

Woord: Ons lees die week **Jesaja 43: 16 – 21.** Jesaja speel af teen die agtergrond van drie verskillende historiese tydperke. In Jesaja 1-39, tree die profeet op in die 8ste eeu vC. in Juda en Jerusalem en is krities teenoor die selfvoldaanheid en selfvertroue op die aanbidding in die tempel. Jesaja 40-55 herroep die grootste ontnugtering denkbaar in die geskiedenis van Juda toe die Babiloniërs in 586 vC. daarin geslaag het om Jerusalem binne te val, die stad grotendeels verwoes het, die tempel in puin gelê het en 'n groot deel van die bevolking in ballingskap na Babel weggevoer het. Hfst 56-66 speel in die na-ballingskap-tydperk af.

Gesprek

1. Hoe maak mens wanneer die fondamente van al jou sekerhede verkrummel en die bodem van jou geloof uitval? Gesels oor ervarings van geloofsontnugtering en wat julle daaruit geleer het. Hoe deel jy hierdie ervarings met ander wat ook vasgeval en ontnugter voel?
2. Hoe belangrik is 'n goeie "geloofsgeheue" om telkens in tye van nood God se in die verlede te herroep en te herbeleef? Motiveer deur konkrete voorbeelde uit julle verlede te noem.
3. "*Ek weet God vergewe my, maar hoekom sukkel ek so om die dinge van die verlede te laat gaan?"* Wat sal julle die persoon antwoord?
4. Wat, dink julle, moes dit aan die ballinge in uiters wanhopige omstandighede gedoen het, toe die profeet in verse 16-17 van hulle voorouers se wonderbaarlike uittog uit Egipte vertel het? Hulle moes nie net terugdink en die verlede herbeleef nie, maar ook hoopvol vorentoe kyk en leef. Sien vers 18. Gee 'n oorsig van dit wat God alles as Skepper-God gaan doen vir sy volk om in nuwe, hoopvolle omstandighede te leef.
5. Miskien was dit vir die ballinge in Babel onvoorstelbaar dat God al hierdie dinge kon doen. Besin hoe hierdie gedeelte in verband gebring kan word met die kruisdood en opstanding van Jesus, wat ons weer eersdaags gaan herdenk. Wat beteken dit dat God, die Vader deur Jesus en sy Gees lewe uit die dood kan skep vir Jesus-volgelinge?
6. "*Jou lewe kan maklik in 'n groef verval as jy niks het om na uit te sien nie*." Wat dink julle hieroor? Op watter maniere het God al iets nuuts in jou lewe gedoen? En wat kan nog kom?

Afsluiting: Dink saam oor die strekking van gebede na hierdie gesprek. Miskien is daar iemand wat in die besonder voorbidding en versterking nodig het.

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R40** beskikbaar stel vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds sodat al meer Bybels versprei kan word maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.

SNUFFELGIDS

1. **Moedeloos met gesondheid?** Ozone behandeling. Fat Freezing. Kontak 066 232 0942 of www.mwellness.co.za.
2. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
3. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
4. **Anjusys Construction & Renovations:** Goedgekeur deur versekeringsmaatskappye. Huisverbeterings, verf-, teël- hout- en waterdigtingsprojekte. Julian – 082 464 6207.
5. **Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
6. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
7. **Te huur:** Moderne ruim tuinwoonstel vir R7 950 pm, eie parkering, veilig, swembad, internet. Sentraal geleë, ten volle gemeubileer. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
8. **Beskikbaar:** Vakansiehuis in Marloth park (grens aan die Krugerwildtuin) oor naweke of langer. Kontak Inez Steyn (082 684 4339) vir navrae.
9. **Huishulp:** Betroubare bediende met 26 jr diens soek dringend verblyf en werk vir Dinsdag en Vrydag. Skakel Marie - 083 279 7793.
10. **Te Huur:** Een slaapkamer tuinwoonstel beskikbaar vanaf 1 Maart 2019. En-suite badkamer. Oopplan sitkamer en kombuis. Privaat met onderdak toesluit parkering en binnehof. Ideaal vir 1 persoon. R5 300, sluit in water, elektrisiteit en Wi Fi. Skakel 064 913 6195.
11. **Ekstra Wiskunde klasse:** Martha Straat (Noord), Moret, Randburg. Kan enige graad help van Gr. 1 - 12. Afrikaans of Engels. R250 per uur, per kind. Ria van den Tillaard, 072 202 7563.
12. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).